

15 Februarie

Skrifgedeelte: Psalm 119:9-16

Fokusgedeelte: Psalm 119:9

Die onskatbare waarde van God se Woord vir 'n jongmens!

Om jonk te wees, is tegelykertyd 'n absolute vreugde én 'n enorme uitdaging. Dit is 'n fase in 'n mens se lewe waartydens jy baie van die wêreld en jouself leer. 'n Fase waartydens jou gawes en talente geslyp word, 'n fase van selfstandig word en groei. Dit is egter ook 'n fase met 'n magdom invloede – waarvan verskeie só sleg is. Dis 'n fase met soveel versoekinge wat jou liggaamlik en geestelik skade kan berokken.

Psalm 119:9 vra die vraag: “Hoe kan 'n jongmens sy lewe skoon hou?” Hoe kan 'n jongmens in hierdie wonderlike fase van sy lewe sorg dat sy gedrag en optrede – sy hele lewensuitkyk – rein of skoon is? Nog meer: Hoe kan 'n jongmens sorg dat sy lewe *heeltyd* en *sonder ophou* skoon is en bly?

Die antwoord is eenvoudig: “Deur hom te hou aan u Woord”! Deur by God se Woord te bly! Immers: Wie bepaal watter gedrag rein is? Die almagtige en enigste God! En: Hoe maak Hy aan ons bekend wat Hy as rein gedrag beskou? Deur sy Woord!

Uit die Woord, waarvan elke woordjie deur God Self geïnspireer is, leer God ons nie net hoe Hy ons deur sy Seun verlos het nie, maar ook volkome hoe Hý wil hê ons tot sy eer moet lewe (2 Tim. 3:15-17). Of soos byna elkeen van die 176 verse van Psalm 119 dit beklemtoon: God se Woord is volmaak!

Daarom, geliefde jongmens, besef die onskatbare waarde van God se Woord en bly daarby! Daardeur kan jy jou lewe skoon hou, tot eer van die Drie-enige God, en die wonderlike vreugde en vrede ervaar dat jy lewe soos God wil.

Sing: Psalm 119:3 (2001-omdigting)

Ds. AJ Coetsee (Uitschot)